Ruvuma
Northern Mozambique Support Partnership

Nuusbrief/Newsletter

Volume 1, Issue 1 Januarie 2012

Missionale Gemeenskap

Moenie vergeet nie!

Jaarlikse Moz Saamtrek

Bettiesbaai –Kamp
DISA KLOOF
9—12 Februarie 2012

Teksvers:
Mark 1:27
"...wat gaan hier aan?"

Kom Luister:

- **Sendelinge se werk in Mosambiek**
- **Mission Experience— Danie Murray**
- **Hein van Wyk**
- **World Outreach**
- **Uitreike 2012**

Inside this issue:

Missional Church	1
Milange -John Roux	2
Mocuba	3
Handevat	3
Reformissio	4
Facebook	5

Dis 'n Splinternuwe jaar met kraakvars nuwe idees en planne aan die broei.

Om te kan verstaan wat vir ons wag in 2012, moet ons bietjie terugkyk in 2011 in.

Dit was 'n breekwater-jaar, 'n waterskeiding-jaar.

Ruvuma Ondersteunings Netwerk het dinge beleef in 2011 wat die platform geskep het vir, en ook deel was van 'n verrassende revolusionêre gedagte-gang in gereformeerde geledere.

As die 2012 Sinode van die GKSA in Januarie 2012 alle strydpunte op die agenda kan skrap en een nasionale visie daarstel om as kerk heel eerste te fokus op die uitdra van die evangelie, soos in opdrag van Jesus self, dan raak die kerk (en elke lidmaat daarbinne) gerig deur 'n missionale dryfkrag wat die konsepte 'uitreik' en 'sending' binne 'n nuwe konteks plaas.

Prof Flip Buys se woorde jare gelede is so betekenisvol:

"God het nie sending vir die kerk gegee nie, maar God het die kerk vir die sending gegee"

Toenemend word in kerkraadsvergaderings en rondom klassis/kring-vergaderings besin oor hoe die kerk sy opdrag as missionale liggaam in hierdie wereld uitvoer.

Tekenend van hierdie momentum wat in 2011 begin optel het is die manier waarop uitreike in Mosambiek in 2011 aangepak is.

Die Woord is op 'n nuwe manier bedien: deur gewone lidmate, mans en vrouens en jongmense uit verskeie gemeentes regoor Suid-Afrika.

Briewe van die gemeentes in Mocuba, Magodane, selfs veraf wyke soos Lugela spreek van verwondering waarmee die Woord ontvang is, waar die Mosambiekers ervaar het hoe die liefde van Christus in die bediening van die gemeenskap sigbaar en prakties raak.

Foto: ***Die Mocuba Uitreik— vrouens word geleer wat die krag van gebed vir hul beteken.***

In ons kerke kom gewone lidmate, lede van die Liggaam van Christus in beweging met 'n brandende hart vir Woordverkondiging "tot aan die uithoeke van die aarde".

Dit is dan ook verblydend om te sien dat daar binne tradisionele kerkkringe ook 'n roering besig is om plaas te vind en die gesprekke wat die afgelope paar maande op Reformissio gespreksforum plaasvind op Facebook is 'n bewys van die vernuwende denkrigtings en visie binne die kerk vandag.

Gepraat van Facebook: ek hoop jul het al elkeen aangesluit by die RUVUMA se Face Book blad. Ons sal graag sien dat mense begin saamdink en saampraat rondom hierdie kritiese gespreksonderwerpe. So is die aanhaling van Oom Demps vd Merwe: ***"Soms gee 'n bepaalde sort kerkorderlike en kerkregtelike denke nog rooi ligte, dan stap die sending oor en dan word die rooi lig later groen"***

Laat ons dan in 2012 Jesus volg en daarin leiers wees in die uitdra van die Blye Evangelie.

News from Milange
Vanaf die tafel van Bertus van Schalkwyk

Die vakansie is nou behoorlik iets van die verlede. Die nuwe jaar is op dreef met baie uitdagings. My grootste gebed vir die jaar is dat ons as bediening hier (dis nou ek en jy hier in SA) en die manne in Mosambiek, werklik die Heer vir alles sal vertrou, en geensins op ons eie insigte sal staatmaak nie (Spreuke 3:5) In hierdie nuusbrief gee ek hoofsaaklik terugvoer oor die Mosambiekers se besoek aan SA. Stephanie het in Desember 2011 'n heupvervanging gehad. Die Heer is so goed. Sy is wonderlik aan die genees. Sy loop al heel gemaklik met een kruk en het begin om weer so stadigaan in die huis te werk. Dankie vir jul voorbidding rondom die saak.

Volwassene geletterdheid sentrums:
Ons is verheug dat daar vir 23 nuwe sentrums borge gevind is. Dankie vir julle oop harte vir hierdie saak. Die sentrums is reeds geïdentifiseer en Mnr. Matunda is nou besig om hul bydrae van 10 % in te samel. Sodra dit afgehandel is sal ek elke sentrum aan 'n borg koppel .

Besoek aan Mosambiek:
Ek beplan om Mosambiek aan einde van Februarie te besoek. Daar is 'n hele paar administratiewe en ander uitdagings wat aangespreek moet word. Ons sal ook baie aandag gee aan die bestuur van die geletterdheid sentrums, veral op die uitdagings wat die geestelike toerusting van die instrukteurs gaan bied. Bid asseblief vir die besoek.

Verslag oor Besoek van Mosambiekers aan SA in 2011:
Ek het 'n verslag van Isaac ontvang waarin hy hulle indrukke oor die besoek deurgee, en wat ek graag met julle wil deel. Ek plaas dit net soos ek dit van hom ontvang het. Dit is interessant hoe hulle ons beleef het.

We praise the good Lord for what he is doing in the Literacy ministry. Especially to the sponsorship the ministry is getting. A lot of people are being blessed. Thousands of people are illiterate in Mozambique. But through your support things are really slowly changing. A lot of people especially women can now read the Bible. Through this ministry the church is growing on spiritual side, because people can now read themselves the Bible.

POSITIVE SIDE OF THE VISIT
It changed our world view. Before the visit we thought the people who are helping the ministry are rich. They all stay in towns. They have nothing to do with farming. We thought they are not having any challenges in their daily life. We were so challenged to see a lot of these supporters are farmers. Some of them live far from towns, far from family and friends. Hundreds of kilometers in the bush. Farming is a blessing from God. During the visit we saw many farmers owning big farms. Most of these farmers are really dedicated Christians. They depend on God for their crop production and animal rearing. What they get from their farms they help the church locally and abroad as we see with our ministry. We were so challenged how these farmers get together in their farms to praise the Lord. This to us was so strange because most of us keep on complaining that agriculture is a curse from God. We don't really see agriculture as a blessing from God.

HARD WORKING AMONG CHRISTIANS
The way South Africans use their land is so amazing. The land is really used for production. Not only in farms but also in church activities. Very old people were busy helping young people in church activities. Where ever we went we found people are busy in the church offices.

LOVE FOR CHRIST
The people are dedicated to Christ. Some farmers do travel many kilometers to get together to pray with fellow Christians.

A CARING CHURCH
It was so amazing the way old people are cared for. It was so encouraging to see the church is really caring for the old people. Doing some fund raising to help the needy.

HOSPITALITY
Every where we went we were so happily welcomed and felt at home.

LOVE FOR MOZAMBIQUE AND LITERACY
People are really praying for Mozambique. I was so amazed to see the people new my name. And when they said "we pray for you" they really meant it. I could really see that they do pray for me.

RELATIONSHIPS
We saw small groups coming together on specific days to share meals and pray together, encouraging each other as one family for Christ. We are far from that, but it is very important for Christians.

JOHN ROUX'S COMMITMENT TO SERVE THE LORD
We traveled long distances to get to places that John visit, every year. At one time he was so sick but he kept on taking us to long distances. I was so amazed and convinced. May the good Lord bless him and his family. May the good Lord bless the church in South Africa, for support and love for the growth of the church in Mozambique. On behalf of the church in Mozambique I would like to thank you for your commitment to support Mozambique. God bless you all.

Baie liefdegroete
John en Stephanie

Mocuba 2011
Handevat - Danie Murray

Liewe sending betrokkene

Ons vertrek einde Junie uit 'n baie nat en koue Kaap en slaap oor by mense van die Gereformeerde kerk in Kimberly. Ek het self 'n bed met 'n elektriese kombers. Daarvandaan is ons op 'n plot buite Pretoria naby Hartebeespoort dam. Vir twee dae hou ons voorbereidings. Die eerste dag is die program baie vol net om geestelik voor te berei en te hoor oor al die kultuur-verskille en om ons benadering daarvolgens aan te pas. Johan Uys besoek ons ook en help dink. Daar word sommer nuwe moontlikhede ondersoek vir 'n landbou betrokkenheid.

Ons slaap oor in Macia by die Bybelskool en by Maforga. Die storie van Maforga en wat die sendelinge daar beleef het bring trane in oë en bewondering vir gesindhede en liefde. Ons bid saam en bemoedig mekaar.

In Mocuba is dit 'n geskarrel van 'n ander aard om alles te organiseer en laaste toerusting te gee. Meeste is skrikkerig vir wat voorlê, maar ook baie opgewonde. Die eerste dag van uitreik word vir die twee spanne waar ek was 'n baie besonderse ervaring. Die span en jongmense werk met groot liefde respek en entoesiasme. By die twee kerkies gesels ek met met die kerk-mense en kry 'n baie groot waardering en hoor getuienisse van baie wat hulle geleer het. Vir my was die grootste teken daarvan dat daar deurgebreek is met die manier waarop die besoekende spanne die werk doen. Die plaaslike leierskap word die leiers van die span. Die kos word met hulle gedeel en die kerk deel hulle kos met die span. Daar word saam Bybelstudie gehou. Waar die boodskap verduidelik word sit die jongmense saam met kinders op die grond. Ds Gerrie staan op sy knieë voor die mense en verduidelik die gesindheid van Christus en ek kon sien hoe die mans en die vrouens verhelder word deur daardie gesindheid. Skielik verstaan hul dit is hoe mans hulle vrouens moet hanteer ens. Huise word besoek en siekes se wonde word skoon gemaak en vir baie gebid. So bv 'n vrou wie se huis die vorige dag afgebrand was deur die kinders wat buite gespeel het. Omdat nie materiele dinge gegee word nie, kom die belangrike dinge in die lewe op die voorgrond. Saam met dit was daar honderde mense by die Jesusfilm. Voete word ook gewas en so handoeke prys gegee.

In die span word stories gedeel van mense wat selfs tydens die voorbereiding waar ons die "Servanthood" Bybelstudie gedoen het, al verhoudinge met huiswerkers totaal verander het en dat die verandering nog groter gaan wees as hulle terug is.

Die een tolk het netnou vir my gesê dat hulle nog nooit so 'n goeie gesindheid van spanne ervaar het nie. Ter agtergrond die volgende: Ons het ten spyte van baie pogings nie reg gekry dat tolke gratis help nie, hulle is van ander kerke en wou nie help sonder betaling nie. Nou tydens die besoek het die een tolk in die Bybelstudie gesê dat hy sien nou in Matteus dat daar staan dat ons verniet by die Here gekry het en dat ons verniet moet gee. Ek kon sien dat hy baie lank daaroor gedink het. Die gesindheid van die span het aangesteek.

Evangelisasie uitreike is van die moeilikste uitreike moontlik, maar met hierdie soort van gesindheid, is dit nie net moontlik nie, maar begin mens werk aan meer moontlikhede om dit anders te doen en vanuit 'n diensgestalte.
Met dit alles, is daar 'n groot afhanklikheid aan die Here wat die een is wat alles doen deur Sy Gees.

Liefde in Christus (Daar is geen liefde meer besonders as Sy liefde nie)

Reformission – Gesprek

'n gesprek oor hoe om missionaal te wees vanuit/binne 'n gereformeerde tradisie
a conversation about being missional from/within a reformed tradition

This mission is based upon the life and mission of Christ: seeking the lost, serving the community, and sharing the good news, the story of redemption.

What is the Missional Church?
The word "missional" comes from the word "missio," which means "sent." In John 20:21, Jesus said to his disciples, "Just as the Father has sent me, I am sending you."" A missional church is a church that sees mission as being not just one part of what the church does. Instead, the church's mission shapes and forms its identity, lifestyle, strategy, priorities, spending, leadership, structure, and decision-making and has a focus on missional outreach. This mission is based upon the life and mission of Christ: seeking the lost, serving the community, and sharing the good news, the story of redemption. These three elements form a road map and guide for "missional outreach." - Missional Outreach Network (James Nored)

"When God transforms the life of just one leader, that leader can transform a church. When one church is transformed, you can transform a community. And when enough churches are thriving, you can affect a region, a country, and eventually the entire world with the positive, life-changing power of Jesus Christ." – Bill Hybels

Ruvuma
Northern Mozambique
Support Partnership

'n Woordgebasseerde geloofsgemeenskap wat hul christenskap so uitleef, dat Christus alles en in almal sal word—Kol 3:11

Onthou om ons op te soek op Facebook!

Waardes

- Jesus is Koning (Mattheus 28:18)
- Sy primêre behoefe is 'n persoonlike, intieme verhouding met Sy kinders en Kerk.
- Sy primêre agenda is om die Koninkryk van God uit te brei… (Mattheus 6:9-10)
- Deur dissipels van al die nasies te maak (Mattheus 28:19)
- Sy sleutelagent is die plaaslike gemeente (Efesiërs 3:9-11)
- Die bediening van die plaaslike gemeente moet holisties wees (Kolossense 1:19-20)
- Die bediening van die plaaslike gemeente moet aan Christus gestalte gee (Joh 17:15-19)
- Die plaaslike gemeente moet doelbewus vanuit 'n Bybelse wêreldbeskouing opereer (Kolossense 1:15-18)

www.ruvuma.org

God is a sending God, a missionary God, who has called His people, the church, to be missionary agents of His love and glory. The concept missional epitomizes this idea. This manifesto seeks to serve the church by clarifying its calling and helping it theologically understand and practically live out God's mission in the world today. Although it is frequently stated "God's church has a mission," according to missional theology, a more accurate expression is "God's mission has a church" (Ephesians 3:7-13).